



# Hosea 11 | Te goed om nié waar te wees nie

## Profete is nie met die helm gebore

- Dit is belangrik om te beseef dat die Bybelse profete nie in die eerste plek toekomsvoorspellers was nie. Wat die profete gedoen het, was om in God se hart te kyk te midde van huidige omstandighede. Hulle was die interpreteerders wat God se hand raakgesien het. As't ware die seismografe wat die "God-trillings" opgetel het.
- Wanneer praat nie genoeg was nie, het God dikwels deur sy profete ge-"show and tell". Neem bv Jeremia wat moet afgaan na die pottebakker se huis toe. Of Hosea, wat moes trou met 'n vrou van losse sedes.
- Ons sien in Hosea 11 waarom die profeet soms die Profeet van die Liefde genoem word, al is hoofstukke 1-3 'n uitdrukking van die ontrouheid van Israel en hoofstukke 4-10 'n beskrywing van die onvervulde lewe wat hulle oor hulleself gebring het.

## God se "bekering"

- Daar word soms ook van Hosea 11 as "God se bekering" gepraat. Mens kan as't ware God se wroeging in Homself hoor. Hy moet in 'n sekere sin "magteloos"

toekyk hoe Israel hulle vrye wil uitoefen om vir Hom NIE lief te wees nie. En jy kan tog nie iemand dwing om vir jou lief te wees nie? Hy moet die verwerping en ontrou beleef. Hy voel hoe sy vuus saamvou, want dit kan nie ongestraf bly nie. En dan sien Hy hoe lyk kinders sonder hulle Vader en kom Hy tot Homself, wetende Hy is God en nie 'n mens nie, en die gebalde vuus word 'n sagte hand wat troos en optel.

- Israel se ontrou verander nie aan hoe God oor Israel voel nie. Mens hoor die deernis en onvoorwaardelike liefde in die beelde van iemand wat liefderik haar kindjie kosgee, sy eerste treetjie help gee of die kindjie in die arms toevou en teen die wang druk. Hierdie deernis word méér en nie minder nie wanneer God sy volk gebroke sien.



- Israel sou dit nou nie só wou stel dat hulle ontrou was nie. Hulle was immers bloot besig met opportunistiese internasionale politiek? Moenie vir Assirië en Egipte kwaad maak nie – om die waarheid te sê, “if you can’t beat them, join them!” Dis nie dat hulle opgehou het om God “ook” te dien nie.
- Ongelukkig lei dit noodwendig tot verdeelde lojaliteit, en word hulle diepste identiteit as “God se volk” bedreig deur hulle kompromieë op morele en godsdienstige gebied (aanbidding op die “hoogtes”, kinderooffers, tempelprostitusie, ensovoorts).
- Ons is vandag selfs nog meer subtiel as Israel en het die kuns van die alkant-botter brood bemeester! Die gevolg is nuwe slawerny, ‘n nuwe Egipte, nuwe slawedrywers wat jou vryheid neem en jou identiteit roof.

## God se wyd-oop arms

- God weet daar is net een manier, een sonder waarborge, om moontlik Israel se liefde terug te wen, en dit is om eenvoudig vir hulle te wys dat daar NIKS is wat hulle kan doen wat sal maak dat Hy sal ophou om hulle lief te hê nie.
- Wanneer Hy sou kon sê “ek het julle mos gesê!” sê Hy “My liefde brand te sterk” (11:8).
- Is dit nie gevaarlik nie? As daar NIKS is wat kan maak dat God hulle nie meer sal liefhê nie, gaan Israel nou nie maar op hulle louere rus en doen wat hulle wil nie? Miskien, dis altyd die risiko van God se liefde. Maar daar is geen groter aardskuddende en onweerstaanbare mag in die hemel of op die aarde as die liefde

van God wat uit sy broosheid en pyn oor sy kinders en sy Skepping brand nie.

## Te goed om nié waar te wees nie

- Hy is die God van oor-begin! Dis wat vergifnis doen. Dit beteken ‘n "invitation to the imagination. It is not forgetfulness of the past; rather, it is the risk of a future other than the one imposed by past or by memory." (Duquoc)
- Wanneer Jesus ‘n melaatse aanraak, ‘n kindjie na Hom toe roep, of wanneer Hy vertel van ‘n Vader wat wag op die tuiskoms van sy verlore seun, sien ons weer die oop arms van God.
- Sulke liefde is oorrompend. Dit beur ook my arms wyer oop as wat ek ooit gedink het dit kan wees. Dit leer my ook iemand wees wat liefhet, juis soms ten spyte van wie ander is. Want God se liefde verander mense – en sy ganse skepping. Dit het ons elkeen immers self ervaar!

## Genade is ongemaklik

- Daar is niks so verwarrend as om die teenoorgestelde te kry as wat jy verwag (en verdien) nie. As ons iets verkeerd doen, wil ons eerder ons straf kry en uitdien. Genade is om die teenoorgestelde reaksie te kry – wanneer jy God se teleurgestelde blik en sy gebalde vuis verwag en jy kry sy deernis weet ons nie wat om daarmee te maak nie.
- Dis eintlik so eenvoudig – laat daardie genade jou oorrompel en laat daardie verwarring toe om jou weer te laat dink oor wie jy is, wie ander is, wie jy sáám met ander is, en wat moontlik raak as jy saam met God tot genade bekeer word. Gee oor, jy is in Goeie Handel!